Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

7 Augustus 2024
OB 27

Beste Ouers

Ons is in die tweede helfte van die jaar en die kwartaal het al vinnig na Augustus gevorder. Ons leerders van graad 4 – 7 doen hierdie kwartaal heelwat projekte. Hulle moet verskillende apparaat, bv. karton skool toe bring. Die personeel gee betyds die items wat hulle sal benodig, aan die leerders deur. Maak asb. seker u kind bring die nodige skool toe. Indien hy /sy dit nie het nie, raak hulle agter en gaan hulle uiteindelik minder tyd hê om die projek klaar te maak. Maak ook asb. seker dat u kind nie onnodig uit die skool bly nie, hulle raak agter en sekere afdelings van die projekte moet as groepwerp by die skool gedoen word.

Ons het Saterdag teen o. 13 toerspanne van Table View gespeel. Die dogters wat hokkie speel moes die ys van die veld af speel, wat 'n paar groot oë by sommige tot gevolg gehad het. Die dogters en seuns by die hokkie het hulle goed van hul taak gekwyt. Daarna is nog netbal en rugby gespeel. Dit was 'n heerlike dag, dankie aan al die spelers, personeel en toeskouers.

Ons het nog verskeie weg wedstryde wat hierdie seisoen plaasvind. Ons doen 'n ernstige beroep op u om seker te maak u kind is betyds by die bus, of vir opwarming voor die wedstryd, indien u hom/haar self vervoer. Stiptelikheid by ons spelers moet ons asb. van jongs af aanleer. Indien u 'n beloning wil gee vir 'n span, bv. 'n roomys vir elkeen na die wedstryde of aan die einde van die seisoen, sal die span dit baie waardeer. Waak asb. daarteen om individuele spelers te beloon met geld op die spel. In die meeste gevalle lei dit tot "suinige" spel, waar die spelers dan nie die bal na sy/haar maat wil speel nie. Kom ons bevoordeel die span deur gesamentlike aanmoediging asb.

Alles van die beste vir die res van die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema 16 Aug.: Betroubaar
BrainBuddy: Wagter: "Wees iemand waarop ander kan reken. Indrukwekkend en betroubaar!"

Baie dankie

Baie dankie vir elke briefie en geskenk wat ek van kinders en ouers ontvang het. Elke briefie is kosbaar! Die geskenke word baie waardeer – dankie dat julle my verjaarsdag spesiaal gemaak het. By die skool is daar vir my gesing en hande geklap, dit laat 'n mens se hart sommer warm klop. 😊

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 7 Aug	Breërivier hokkie o. 11 en o. 13 (tuis)
Donderdag, 8 Aug	Geen sportoefening agv die langnaweek
Vrydag, 9 Aug	VROUEDAG
Dinsdag, 13 Aug	Rugby en Netbal: Ashton (weg) Geen sportoefening agv die wedstryde Sportfoto's
Woensdag, 14 Aug	o. 13A netbal, hokkie, rugby: Ls Hugo Rust (tuis) Skool sluit 13:00 agv wedstryde (Gr. 1-7) Geen hokkie-oefening agv wedstryde
Vrydag, 16 Aug	Entrepreneurs: Gr. 3D GF Boeke huis toe
Saterdag, 17 Aug	HS Montagu Interskole

Die onderwysers is nie veronderstel om hul selfone in die klas te gebruik nie.

Ouers stuur soms WhatsApp of ander boodskappe aan die opvoeders en raak ongeduldig indien daar nie "vinnig genoeg" terug geantwoord word nie.

Personeel sal boodskappe lees en antwoord wanneer hulle kans het.

Indien u 'n dringende boodskap het, skakel asb. die kantoor by 023 614 1640. Me. Van Zyl sal die boodskap oordra.

As gevolg van die langnaweek, sal daar geen sportoefeninge op Donderdag, 8 Augustus wees nie.

<u>Spanne, Laerskool Ashton, Dinsdag, 13 Augustus 2024.</u>
Netbal: o. 7 tot o. 13 A-spanne.
Rugby: o. 7, o. 8, o. 9, o. 11, o. 13 A-spanne.
Geen sportoefening agv die wedstryde teen Ashton.

<u>Spanne teen Hugo Rust, 14 Augustus 2024.</u>
Rugby: o. 13A
Netbal o. 13A
Hokkie: o. 13A seuns, o. 13A dogters

Uitslae: Hokkie vs Worcester-Oos (31 Julie 2024)

HOKKIE

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 13A dogters	Verloor	Carolina Smit
o. 13B dogters	Verloor	Iman Samson
o. 13A seuns	Verloor	Thys Venter
o. 11A dogters	Verloor	Suna Bussell
o. 11B dogters	Verloor	Skye Fluks
o. 11A seuns	Verloor	De Wet Southey
o. 9A dogters	Verloor	Ellie Bussell
o. 9B dogters	Verloor	Jean-Kate Smit
o. 9A seuns	Verloor	Steyn Stemmet
o. 9B seuns	Wen	Abraham Uys
o. 8A dogters	Verloor	Klara Sadie
o. 8B dogters	Wen	Imke Burger, Elana Haasbroek
o. 7A dogters	Wen	Ashley Basson, Mianke Freeman
o. 7A seuns	Wen	Wyatt America, Hugo du Plessis

Uitslae: Tableview – 3 Augustus 2024

NETBAL

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 13A	Verloor	Confidence Ramabulana

RUGBY

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 13A	Verloor	Shawnley Brown, Christiaan van Eeden

HOKKIE

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 13A dogters	Verloor	Mariké-Mari McAlpine, Ilke van Deventer
o. 13A seuns	Verloor	Neil Meyer

Uitslae: Hokkie vs Ashton (5 Augustus 2024)

HOKKIE

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 13 dogters	Verloor	Ilke van Deventer
o. 13 seuns	Gelyk	Graeme Thomson
o. 11 dogters	Verloor	Skye Fluks, Mia Vorster
o. 11 seuns	Verloor	Kobun Stemmet, Thoreau Maritz
o. 9 gemeng	Verloor	Ben Rautenbach, Nanika van der Walt
o. 8 seuns	Verloor	Reinhardt van der Linde
o. 7 gemeng	Wen	Joha Sadie

Sportfoto's

Op Dinsdag, **13 Augustus**, word die wintersportfoto's geneem. Die junior en senior kore, sowel as die redaksie en leerlingraad word ook afgeneem. Indien jy dus koor sing of op die redaksie of leerlingraad is moet jy met jou skoolklere skool toe kom en jou sportklere inpak.

Indien jy nie koor sing of op die redaksie of leerlingraad is nie, kan jy net met jou sportklere skool toe kom soos gewoonlik op 'n Dinsdag.

Onthou dus jou nuwe sporthempie, kortbroek, rompie, tekkies en as jy hokkie speel, jou swart sokkies. Leerders met verkeerde klere kan ongelukkig nie afgeneem word nie. Die somersport- en spesiale foto's, soos Boland, sal op 'n latere stadium geneem word.

AKSIE KRIEKETDAG
- SPELERS -

Laerskool Montagu nooi u hartlik uit om deel te neem aan ons opwindende aksie krieket dag vir volwassenes, om fondse vir die skool in te samel. Hierdie geleentheid beloof om 'n dag vol pret en spanbou te wees, en ons hoop om u daar te sien.
Datum: 16 November 2024
Tyd: 9:00
Plek: Laerskool Montagu
Koste: R200 per speler

Elke span sal bestaan uit 8 spelers. Die reëls van die dag sal met die spanorganiseerder gekommunikeer word.

Indien u belangstel om deel te neem, kontak asseblief so gou moontlik:
Laerskool Montagu: 023 614 1640 Mnr. De Beer: 081 729 1068

Ons sien uit daarna om hierdie spesiale dag saam met u te deel en waardeer u ondersteuning.

AKSIE KRIEKETDAG
- BORGE -

Ons glo dat hierdie geleentheid nie net 'n wonderlike dag van sport en spanbou sal wees nie, maar ook 'n uitstekende geleentheid vir u besigheid om sigbaarheid en betrokkenheid in die gemeenskap te verhoog. Ons verwag 'n groot opkoms van ouers, leerders en gemeenskapslede.
Hoe u kan help:
• **Finansiële Bystand:** Enige geldelike bydraes sal waardeer word en sal direk aangewend word vir die organisasie van die dag.
• **Produkte of Dienste:** U kan ook help deur produkte of dienste te skenk wat ons kan gebruik as pryse of vir die dag se aktiwiteite.
• **Koopbewys:** U kan 'n koopbewys skenk wat ons kan gebruik as 'n prys of vir die dag se aktiwiteite.
As 'n borg sal u besigheid erkenning ontvang deur:
• **Logo en Naam:** U logo en naam sal op al ons promosiemateriaal en program verskyn.
• **Vertoonruimte:** U kan 'n vertoonruimte op die dag hê om u produkte of dienste te bemark.

Indien u belangstel om 'n borg te wees, kontak asseblief so gou moontlik enige een van die volgende nommers:

Laerskool Montagu: 023 614 1640 Mnr. De Beer: 081 279 1068.